

## **'n Tyd om stil te bly, 'n tyd om te praat**

Prediker 3:7b

Maandag 15 Maart 2021

**1983 vert Pred 3:6** '83 - "'n tyd om stil te bly, 'n tyd om te praat"

'53 - "'n tyd om te om te swyg en 'n tyd om te spreek,"

**Bron:** Venter J. 2015 Die boek Prediker. Van alles tevergeefs tot 'n hoopvolle toekoms saam met Christus.p99-102

**'n Tyd om stil te bly.** Dit is tog soms so moeilik om stil te bly. Die meeste mense wil graag hulle opinie lug en hulle sê, sê. Maar dit is dikwels wys om eers stil te bly. Omstandighede wanneer dit wys is om stil te bly is:

- As daar konflik is, bv in die huwelik. Wees stil en wag en oordink eers die situasie.
- "Stilstuip" is ook verkeerd, dit is wanneer jy doelbewus stilbly om die ander een te straf of dit is 'n vorm van vergelding of wraak. Dit kan ook gebruik word om andere te manipuleer.

### **'n Tyd om stil te wag op die Here!**

- Soms openbaar God homself in stilte. 1 Kon 19:12 Elia vlug vir Isebel. Hy gaan lê onder 'n besembos in die woestyn waar God aan hom verskyn. Toe openbaar God Homself aan Elia in die fluistering van 'n windstilte. Toe het Elia God se stem gehoor.
- "Om stil te wees voor God, gee die Heilige Gees geleentheid om jou gedagtes te rig en te lei tot dit wat God wil en wat tot sy eer is." (*Venter 2015:100*)
- Ons moet ook nie te haastig wees as christene om soms 'n verklaring te wil gee van die stand van sake en wêreldgebeure nie. Ons sal nooit dadelik of ten volle verstaan hoekom is daar een jaar intense droogte en die ander jaar oorvloed reën nie. Hoekom is daar siekte en dood en gesondheid in een gesin. **MAAR** "God se wil sal jou nêrens heen neem waar sy genade jou nie sal kan dra nie" (*E.O'Neill. Venter 2015:100*)
- Dawid self sê in **Psalm 46:9** "Ek kla nie, ek maak my mond nie oop nie, want U het dit oor my gebring."

### **'n Tyd om stil te wees ter wille van ons naaste se naam.**

- Soms weet jy wat werklike feite is oor iemand se lewe, sy woorde of werke, MAAR twv sy/haar goeie naam, is dit beter om stil te bly as dit nie iemand sal benadeel nie.
- Halwe waarhede of sappige skindernuus kan iemand se naam baie skade aanrig.
- Dawid het self gevra: "Sit 'n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê." Ps 141:3
- **Jak 1:19** "So dan, my geliefde broeders, elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat,..."
- Juis die negende gebod en die verklaring van die Heidelbergse Kategismus Sondag 43 vraag 112 handel daarvoor om die waarheid te praat.

**Wanneer moet ons praat?** Dit vra wysheid om te weet wanneer om te praat en wanneer om stil te bly. Soms is dit beter om stil te bly en net te praat as dit vereis word. Die vereiste van praat is dat jy **ALTYD DIE WAARHEID MOET PRAAT.**

**Spr 16:28** "Iemand wat die waarheid verdraai, veroorsaak twis, iemand wat skinder, bring verwydering tussen vriende."

**Spr 18:21** "Die tong het mag oor dood en lewe; dié wat lief is om te praat, sal die gevolg dra."

Ons moet praat ...

- As ons die eer van God voorop stel..
- As ons die waarheid praat.
- As ons tot ons naaste se voordeel praat.

Om mee af te sluit haal ons aan wat Paulus ons leer in **Kol 4:6:** "Wat julle sê, moet altyd, vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord."

(*Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595*)